



‘EER JOU VADER EN JOU MOEDER”

EER JY JOU VADER EN JOU MOEDER?

KORT GEDAGTES

Dit is GOD se opdrag.....

'EER JOU VADER EN JOU MOEDER'

EER JY JOU VADER EN JOU MOEDER?

En eer jy jou vader en moeder;

Dit is God se opdrag om ons ouers te eer met alles wat dié eer, insluit.

Eks 20:12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Die gebod van die 'eer' van ons ouers is die vyfde gebod, maar die eerste gebod met 'n belofte!

Hierdie is 'n voorwaardelike belofte, maar 'n belofte nietemin. En die voorwaarde? Eer jou vader en jou moeder

GOD vra in Maleagi die volgende....

Mal 1:6 'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die HERE van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag?

GOD sê dat HY die eienaar is van die "eer", HY is ook GOD wat die "eer" geskep het. Daar is 'n GEESTELIKE krag wat agter die "eer", staan, GOD self. Die Jode ag hierdie vyfde gebod as een van die belangrikste gebooie omdat dit direk verband hou met 'n goeie en lang lewe.

Maar kom ons kyk verder hoe "eer", homself, verder openbaar in die WOORD van GOD.

1Ti 5:4 Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God.

Kol 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Efes 6:1 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.

Efes 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte—

Efes 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

Buiten die kinders wat van die huwelik?

1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle(julle vroue) saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is— sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.

GODDELIKE EER, openbaar homself as meer as net "eer jou Vader en jou Moeder". Dit is instelling van GOD self en is soos natuur ekosisteem. Al die dele werk saam, die mens EER GOD, kinders EER hulle ouers, Mans en vroue EER mekaar binne die raamwerk van GOD se verteenwoordiging van SY bruid,- die huwelik.

Gedagte:

Daardie kind wat sy ouers eer, ontvang 'n belofte, 'n lang lewe en die belofte dat goed sal gaan met sulke kinders. Hierdie kinders word dan volwassenes, volwassenes wat GOD eer, en weer hulle kinders leer van die "eer". Die volwassenes tree in die huwelik en binne die raamwerk van die GODDELIKE instelling, eer hulle mekaar. So leer die kinders weer hoe die bruid van GOD lyk. Die volwassenes word oupas en oumas. Oupas en oumas is die waarwording van die belofte van 'n lang lewe.

Die Bybel leer:

Jer 32:39 En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.

EER JOU VADER EN JOU MOEDER.